# DIE FONTEIN

## OUD GEREFORMEERDE KERK ~ MEI 2025



Openbaring 21:6

"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."

# MAANDAG KATKISASIE.

(Bernardus Smytegelt.)

## Die Saligmakende kennis van God.

---

**Vraag.** Wat gee die Boek van die gewete ons nog te kenne?

**Antwoord:** Eerstens dat daar wel 'n God is, tweedens dat Hy alwetend is en derdens dat Hy 'n Regter is wat na Waarheid regverdig en heilig oordeel. Vierdens, dat Hy die oorsprong van die aanklaer van die gewete is en vyfdens, dat die gewete volgens Sy bevele oordeel. Dit leer ons selfs uit die boek van die natuur. Verskriklik die uiteinde wanneer God die gewete tot swye bring. Hoe het Kain tog nie uitgeroep en gesê: "Almal wat my teëkom sal my doodmaak!" En hoe gejaagd was Judas, wanneer hy ook uitroep: "Ek het verraad gepleeg en onskuldige bloed vergiet!" Daarna het hy sy hand aan sy eie lewe geslaan! En Saul, hy het in sy eie swaard geval, daarom staan daar geskrywe: "So het Saul in sy oortreding gesterf! Uiteindelik het elkeen van hulle tot die werklikheid gekom, ons sien dit ook in die broers van Josef, nadat Simeon agtergelaat moes word, roep hulle tot mekaar en sê: "Nou soek God die bloed van ons broer!" En so moet God se kinders ook sê: "Nou soek God die en die sonde!" Soms werk hierdie aanklag van eie gewete onmiddellik, soos by 'n Dawid nadat hy die volk getel het. Hy het onmiddellik tot berou en tot die bewuswording van sy sonde gekom. Somtyds ervaar iemand dit eers heelwat later, soos in die geval van Batseba en Uria. Dit het Agt maande geduur voordat Dawid tot die werklikheid gekom het. Dit het ook met hom gegaan soos met Petrus wat buitentoe gegaan en bitterlik geween het. En so sal elke begenadigde se gewete hom dring en dryf, volgens die woorde, in Job 19 vers 27:

**"Hom wat ék sal aanskou my ten goede, en my oë—en geen vreemde nie—sal sien, My niere versmag van verlange in my binneste."**

**Vraag:** Wat is die derde Boek?

**Antwoord:** Die Skriftuur, die Woord van die Lewende God, die Bybel, al die boeke van die Ou- en die Nuwe- Testament, dit is die reël van ons lewe.

**Vraag:** Is dit waarlik God se Woord?

**Antwoord:** Ja! Indien ons dit nie vashou, dan is ons, ons Saligheid ewig kwyt, maar sou ons dit vashou; dan is dit skoon en van krag tot ons ewige Saligheid.

(Vervolg.)

---



# DIE INSTITUSIE.

(Johannes Calvyn.)

**ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS**

---

## Hoofstuk 5.

## DIE KENNIS VAN GOD BLYK UIT DIE SKEPPING VAN DIE WÊRELD EN DIE VOORTGESETTE REGERING DAARVAN.

### *1. Die openbaring van God in die natuur ontneem die mens sy verontskuldiging op grond van onkunde*

Omdat die einddoel van ’n geluksalige lewe in die kennis in verband met God gevestig is, het Hy hierby nie alleen die saad van godsdiens, waarvan ons reeds gepraat het, in die verstand van die mens gesaai nie; maar in die skepping van die wêreld het Hy Hom ook so geopenbaar en Hy toon Hom elke dag daarin op so 'n wyse dat die mens sy oë nie kan oopmaak sonder om gedwing te word om Hom daarin raak te sien nie. Sy doel daarmee is dat toetrede tot geluksaligheid nie by voorbaat vir enige iemand geslote sou wees nie.

Sy wese is inderdaad onbegryplik sodat sy Goddelike mag al die sintuie van die mens volkome ontgaan. Maar op elkeen van sy werke het Hy bepaalde tekens van sy heerlikheid ingegrif en dit weliswaar so duidelik

en opvallend dat alle verontskuldiging van onkunde daardeur van ongeleerde en onverstandige mense weggeneem is.

Daarom roep die profeet met volle reg uit dat Hy met lig soos met ’n kledingstuk omhul is. Dit is net asof hy daarmee gesê het dat God eers in sigbare skoonheid begin verskyn het vanaf die tydstip waarop Hy in die skepping van die wêreld sy kentekens te voorskyn gebring het. So dikwels as wat ons nou ons oë rondom ons laat gaan, verskyn sy skoonheid daarin.

Daar vergelyk dieselfde profeet ook treffend die uitspansel van die hemele met sy koninklike tent; hy sê dat Hy sy solders op die waters gebou het, dat die wolke sy waens is, dat Hy op die vleuels van die winde ry en dat die winde en die bliksemstrale sy vlugvoetige boodskappers is. En omdat die heerlikheid van sy mag en wysheid daar bo-oor ’n voller glans versprei, word die hemel wyd en syd sy paleis genoem. En in die eerste plek, waarheen jy ook al jou oë sou wend, is daar geen deeltjie van die wêreld waarin die flikkering ten minste van enkele vonkies van sy heerlikheid nie waargeneem kan word nie. Inderdaad sou ’n mens hierdie uiters ruim en pragtige kunswerk nie in een oogopslag kon aanskou sonder om van alle kante heeltemal deur die grenslose krag van sy glans oorweldig te word nie.

Daarom noem die skrywer van die brief aan die Hebreërs die wêreld op behoorlike wyse ’n skouspel van onsigbare dinge omdat so ’n harmoniese ordening van die wêreld vir ons soos ’n spieël is waarin ons God, wat andersins onsigbaar is, kan aanskou. Die rede waarom die profeet aan hemelse skepsels spraak toeskrywe wat aan geen volk onbekend is nie, is omdat daarin so ’n duidelike getuienis van die Godheid na vore kom dat selfs die stompsinnigste volk dit nie verby behoort te gaan sonder om daaroor na te dink nie.

Die apostel maak dit nog duideliker wanneer hy sê dat alles wat die mensdom nodig gehad het om God te ken aan hulle geopenbaar is, omdat elkeen die onsigbare dinge van God wat Hy van die skepping van die wêreld af kon begryp, selfs ook sy ewige krag en Goddelikheid, hierin kan aanskou.

### *2. Die wetenskappe, die kunste en die mens se liggaam openbaar aan almal God se wonderlike wysheid*

In die hemel sowel as op die aarde is daar ontelbare bewyse wat van sy wonderlike wysheid getuig. Dit geld nie alleen die sterrekunde, medisyne

en die hele natuurwetenskap nie, maar ook die bewyse wat voor die ongeletterdste mense opdoem sodat hulle nie hulle oë kan oopmaak sonder om gedwing te word om daarvan getuienis te wees nie.

Die mense wat van die vrye kunste deurdrenk is of selfs net daaraan geproe het, maak weliswaar met die bystand daarvan baie verder vordering daarin om die geheimenisse van die wysheid van God te ondersoek. Tog vorm onkunde in die kunste vir niemand 'n struikelblok om meer as genoeg van sy skeppingswerk in die werke van God raak te sien en om dit in bewondering vir die Skepper daarvan uit te bars nie. Vir die navorsing van die beweging van sterre, vir die bepaling van hulle posisies, die meting van hulle afstande en die aantekening van hulle eienskappe is immers vaardigheid en baie noukeurige toewyding nodig. Soos God se voorsienigheid duideliker uit hierdie navorsing na vore kom, behoort ons siel ook ietwat hoër uit te styg om sy heerlikheid te aanskou.

Maar selfs nie eens die gewone en ongeletterdste mense wat slegs deur die bystand van hulle oë daarin onderrig is, kan onbekend wees met die uitnemendheid van die kunswerk van God nie. Hy het Homself immers in so 'n onberekenbare en tog in so 'n onderskeie en geordende verskeidenheid van die hemelse leërskare vertoon dat daar duidelik niemand is aan wie die Here sy wysheid nie in oorvloed openbaar nie. Net so is uitmuntende skerpsinnigheid nodig om met dieselfde vindingrykheid as wat Galen openbaar, die samestelling, simmetrie, skoonheid en funksie in die bou van die mens se liggaam te ondersoek. Tog erken almal dat die mens se liggaam so vindingryk saamgestel is dat die Skepper daarvan tereg as wonderbaar beskou kan word.

### *3. Uit die mond van suigelinge en kinders het Hy sy mag gegrondves*

Daarom het sommige filosowe nie sonder verdienste nie die mens eenmaal 'n mikrokosmos genoem, omdat hy 'n sonderlinge voorbeeld van die mag, goedertierenheid en wysheid van God is en genoeg wonders in homself bevat om sy verstand besig te hou mits hy hom maar net nie daarvoor skaam om daaraan aandag te gee nie. Wanneer Paulus ons vermaan dat God ook deur blindes met behulp van hulle tassintuig gevind kan word, voeg hy daarom dadelik daaraan toe dat ons God nie vêr moet gaan soek nie, omdat elke mens ongetwyfeld binne-in hom die hemelse genade waardeur hy verkwik word, gevoel.

As ons dan nie nodig het om buite onsself te gaan om God te vind nie, hoe sal die traagheid van iemand wat beswaard voel om in homself neer te daal om God te vind, dan verontskuldig word? Dit is ook die rede waarom Dawid onmiddellik nadat hy die wonderbare Naam van God en sy skoonheid wat orals skitter, kortliks geroem het, uitroep: *"wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?"* En net so: "Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie?". Hy verklaar inderdaad nie alleen dat daar 'n duidelike spieëlbeeld van God se werke in die mensdom te voorskyn tree nie, maar ook dat suigelinge, wanneer hulle aan die borste van hulle moeders hang, welsprekend genoeg is om sy heerlikheid te verkondig sodat ander redenaars glad nie nodig is nie. Daarom aarsel hy selfs nie om hulle mond in die stryd in te span nie, net asof hulle deeglik toegerus is om die waansinnigheid van mense wat begeer om ter wille van hulle eie duiwelse hoogmoed God se Naam uit te wis, te weerlê. Daaruit spruit ook die aanhaling van Paulus uit Aratos dat ons God se geslag is, omdat Hy ons met soveel uitnemendheid beklee het en getuig het dat Hy vir ons 'n Vader is. Net so het selfs profane digters algemeen gevoel dat Hy Vader van die mensdom is en asof hulle ervaring hulle hierin voorsê, Hom ook so genoem. En inderwaarheid sal niemand God vanself en vrywillig gehoorsaam as hy nie sy vaderlike liefde gemaak het en gelok word om Hom op sy beurt lief te hê en te dien nie.

### *4. Die mens verset hom uit ondankbaarheid daarteen om uit sy eie liggaam tot die kennis van God te kom*

Maar juis hier word 'n afstootlike ondankbaarheid van die mensdom ontmasker. Terwyl hulle in hulleself 'n hele werkswinkel het, wat in ontelbare werke van God uitmunt en terselfdertyd ook 'n hele winkel vol van 'n onskatbare oorvloed rykdom, raak hulle van 'n groter hovaardigheid opgeblaas en swel hulle daarvan hoewel hulle huis in lofprysing vir Hom moes uitbars. Hulle ervaar hoe God op wonderbaarlike wyses in hulle werk' deur eie ondervinding word hulle geleer hoe 'n groot verskeidenheid gawes hulle uit sy milddadigheid besit. Hulle word teen wil en dank gedwing om kennis te neem daarvan dat dit bewyse van sy Goddelikheid is, maar nogtans onderdruk hulle dit diep in hulle binneste.

Tog het hulle nie nodig om buite hulleself te gaan nie, solank hulle maar net nie, deur vir hulleself iets aan te matig wat uit die hemele aan hulle gegee is, iets in die grond begrawe wat hulle verstand kan verlig om God duidelik te sien nie. Ja, selfs vandag nog voed die aarde baie uitsonderlike geeste wat nie skroom om elke saad van sy Godheid wat in die menslike natuur geplant is, aan te wend om God se Naam te verduister.

Hoe afstootlik – bid ek jou- is hierdie kranksinnigheid nie, dat die mens God honderd maal in eie liggaam en siel aantref en tog juis onder die dekmantel van sy uitnemendheid verklaar dat God nie bestaan nie? Hulle sal nie beweer dat dit toevallig is dat hulle van redelose diere verskil nie. Hulle hou slegs maar die natuur, wat vir hulle skepper van alle dinge is, as voorwendsel voor en neem God geheel en al weg. Hulle sien so ’n uitnemende vaardigheid in elkeen van hulle ledemate van hulle mond en oë tot by hulle kleinste toonnaels. Ook hier stel hulle die natuur in plaas van God. Maar sulke bedrywige wendinge, sulke voortreflike vaardighede, sulke seldsame gawes in besonder van die siel, is bewyse van ’n godheid en dit laat hom nie maklik verberg nie – behalwe as julle as aanhangers van Epikuros soos Siklope van hierdie hoogte af met groter brutaliteit God die stryd aansê. Of kom al die skatte van hemelse wysheid saam om ’n vyf voet wurmpie te regeer en sal die hele wêreld hierdie voorreg dan ontbeer?

In die eerste plek om te bepaal dat daar iets organies in die siel is wat met elke afsonderlike deel daarvan ooreenstem, dra nie alleen niks daartoe by om die heerlikheid van God te verduister nie, maar eerder om sy heerlikheid aan die dag te bring. Laat Epikuros gerus antwoord watter samedromming van atome kos en drank verteer en dan ’n gedeelte daarvan in afval en ’n ander deel in bloed verdeel. Laat hy antwoord wat die oorsaak daarvan is dat elke afsonderlike ledemaat so ywerig sy taak uitvoer, net asof soveel siele een enkele liggaam volgens ’n gemeenskaplike plan regeer.

### *5. Die natuur is ’n orde van God en nie self skepper nie*

Maar met hierdie varkhok het ek nou niks te doen nie. Ek spreek eerder die mense aan wat met voorbarige spitsvondigheid die koue opmerking van Aristoteles te geredelik dwars in ons bespreking insleep om enersyds die onsterflikheid van ons siel wel organiese aanleg het, verbind hulle dit onder hierdie voorwendsel aan die liggaam dat dit daarsonder nie kan bestaan nie. Sovêr hulle kan, onderdruk hulle die Naam van God met lofprysinge oor die natuur. En tog is dit onmoontlik dat die vermoëns van die siel ingesluit kan wees in die funksies wat die liggaam dien.

Wat het dit met die liggaam te doen dat ’n mens die hemele moet opmeet; die getalle van die sterre moet bereken, die grootte van elkeen moet bepaal; dat ’n mens moet weet watter afstand daar tussen hulle is of met watter snelheid of traagheid hulle hul bane voltooi, of met hoeveel grade

hulle na die een of die ander kant afwyk? Ek erken wel dat sterrekunde 'n mate van nut het. Ek dui egter slegs aan dat daar in hierdie verdiepende navorsing van hemelliggame geen organiese simmetrie is nie, maar dat die siel ook sy eie funksies het wat van die liggaam geskei is. Ek het maar net een voorbeeld aangehaal waaruit my lesers gemaklik ander kan aflei.

Die vlugheid van die siel waarmee dit hemel en aarde deurskou, is inderdaad veelsydig; daarmee verbind dit die verlede met die toekoms en onthou iets wat dit lank tevore gehoor het; ja, dit kan selfs in sy verbeelding van enigiets 'n beeld skep. Ook die vindingrykheid waarmee dit ongelooflike uitvindings uitdink en moeder van soveel wonderlike kundighede is, munt uit in die mens. Al hierdie eienskappe is besliste aanduidings van goddelikheid in die mens. Wat daarvan dat die siel in 'n mens se slaap nie alleen rondfladder en besig bly nie, maar baie nuttige planne maak, oor baie probleme redeneer en selfs die toekoms voorspel? Wat anders kan ons sê as net dat die bewyse van onsterflikheid wat op die mens afgestempel is, nie uitgewis kan word nie? Watter rede sal daar nou nog daarvoor kan wees dat die mens goddelik is en tog nie sy Skepper ken nie? Sal ons dan volgens die oordeel wat aan ons gegee is, tussen reg en onreg onderskei sonder dat daar 'n Regter in die hemel is? Sal daar selfs in ons slaap nog reste van verstand agterbly sonder dat God oor die regering van die wêreld waak?

Sal ons nog as die uitvinders van soveel kundighede en nuttige voorwerpe beskou word bloot dat God van sy lof beroof kan word, hoewel ons ervaring ons voldoende leer dat ons besittings op verskillende wyses uit 'n ander bron aan ons toegedeel word? Maar sommige mense babbel iets in verband met 'n geheime inspirasie wat die heelal laat lewe; dit is nie alleen flou nie, maar heeltemal onheilig. Vergilius se beroemde verklaring val in hulle smaak:

*"Aanvanklik voed 'n siel van binne*
*hemel, aarde en golwende vlaktes,*
*stralende manesfeer en Titaanse gesternte,*
*die siel versprei deur al sy lede, dryf die massa voort,*
*en maak hom een met die grote liggaam.*
*Hierop spruit mens, dier en voëllewe*
*en al die gedrogte wat die see onder*
*marmergladde seevlak voortgebring, daaruit*
*voort – die lewenskrag daarvan*

*vuur en die oorsprong hemels".*

Net asof die wêreld, wat as skouspel van die heerlikheid van God geskep is, dan self skepper van homself sou wees! Want elders het dieselfde digter die opvatting waarin Griekse en Latynse skrywers deel, nagevolg."

*"Wyses het verklaar dat bye deel het aan die*
*goddelike siel en hemelse teue drink uit die goddelike wil.*
*Want God – so het hulle beweer - gaan oor alles heen -*
*Land en uitgestrekte see en onpeilbare hemel. Hieruit*
*spruit kuddes, vee, mense en gediertes van elke soort*
*en elkeen bekom by geboorte hieruit brose lewe; wanneer*
*alles ontbind, word dit hieraan terug gelewer en hierheen*
*teruggebring; dood het daarin geen plek nie, maar lewendig fladder*
*hulle saam met 'n sterre skaar en gaan*
*die hoogtes van die hemel in."*

Siedaar, die krag van so 'n uitgemergelde bespiegeling oor 'n universele wil wat die wêreld besiel en lewe gee, om godsvrug in die harte van die mens voort te bring en dit te koester! Dit blyk nog duideliker uit die goddelose en onreine hond, Lucretius." se woorde wat uit hierdie beginsel afgelei is. Dit beteken inderwaarheid dat hy van God 'n denkbeeldige mag maak om die ware God vir wie ons moet vrees en aanbid, vêr weg te drywe.

Ek erken weliswaar dat die bewering dat die natuur God is," wel met eerbied gemaak kan word mits dit uit 'n vroom gemoed spruit: maar omdat dit 'n growwe, onpaslike bewering is, aangesien die natuur eerder 'n orde is wat deur God voorgeskrywe is, is dit skadelik om in sake van soveel gewig, waaraan buitengewone eerbied betoon verskuldig is, God ordeloos met die laer verloop van sy skepping te verstrengel."

(Vervolg.)

---



**’n Instrument in die Hand van die HERE te Wittenberg.**

## HOOFSTUK 5

## EK SAL ’N GAT IN DIE TROM SLAAN.

Julius II, die krygslustige Pous, by wie Luther eenmaal ’n besoek afgelê het, het gesterf en is deur Leo X opgevolg. Laasgenoemde het nie, soos sy voorganger, soveel van perdry en oorlog voer gehou nie, maar het baie belang in wetenskap en kuns, veral in die boukuns, gestel. O, hy wou so graag die groot Sint-Pieterskerk voltooi, wat beloof het om die pragtigste tempel van die Christendom te word, maar wat terselfdertyd verbasend baie sou kos. Hoe moes Leo aan sulke reusagtige somme geld kom?

Een van sy kardinale het hom die raad gegee om ’n aflaat uit te skrywe. Wie so ’n papier in besit het, sou vry wees van alle kerklike strawwe en, soos gemeen was, ook vergifnis van sondes hê. Natuurlik het elkeen hiervoor iets oorgehad. Ook vorige pouse het op hierdie wyse groot skatte na Rome sien stroom. Waarom sou Leo nie ook van daardie doeltreffende middel gebruik maak nie?

Daarom het hy met Albrecht, Aartsbiskop van Mainz, ooreengekom dat laasgenoemde die aflaatbriewe in Duitsland sou laat verkoop. Die aartsbiskop het baie gou ’n geskikte koopman gevind, nl. Johan Tetzel, ’n

Dominikaner monnik en hy kon g’n geskikte persoon vir so iets gekies het nie.

Laat ons sien hoe Tetzel sy taak aangepak het. Hy het die land in ’n pragtige koets deurreis, vergesel van drie ruiters te perd. As hy voor ’n stad kom, stuur hy ’n boodskap na die regering daarvan om te laat weet dat die genade van God en die heilige Vader voor die poort was. Op daardie berig het alles in beweging gekom. Die lede van die regering, priesters en nonne, onderwysers en leerlinge, mans en vrouens, ja almal wat maar kon, het met brandende waskerse in die hand, vergesel van musiek en klokgelui, die aflaathandelaar tegemoet gegaan. Na wedersydse begroeting het Tetzel dan te perd sy intog gemaak terwyl vier mans ’n fraai bedekking oor hom vasgehou het. Die genade bul van die Pous word vooruit gedra op ’n fluweel met goud geborduurde kussing. Onder die sing van feesliedere, die opsê van gebede en die rook van lieflike reukwerk het almal na die kerk gegaan, waar die orrel die skoonste musiek laat hoor het.

’n Rooi kruis met al die pouslike wapens word voor die altaar geplaas. Tetzel bestyg dan die preekstoel en hou ’n rede waarna die aanwesiges met aandag luister. “Hierdie rooi kruis” so sê hy, “het net soveel krag soos die kruis van Christus. God die Here regeer nie meer nie, maar het al sy mag aan die Pous gegee. Ek het met aflate al meer siele gered as die Apostel Paulus met sy prediking.

“Hierdie briewe is nie net nuttig vir die lewendes nie, maar ook vir die dooies. Mense, hoor julle jul vaders of moeders, broers of susters nie roep uit die vagevuur nie? Hulle ly verskriklike smarte. Verlos hulle tog uit die smarte deur ’n klein gif. Nou is die hemel oop vir almal. Weier julle om daarin binne te tree? Ek sal in die oordeelsdag vrygespreek word, maar julle, julle soveel harder gestraf word, omdat julle so ’n groot saligheid versmaai het. Al sou julle net een enkele kledingstuk hê sou julle verplig wees om dit af te lê en te verkoop om die genade te verkry.

“Dink daaroor na, dit geld die herbou van die verwoeste kerk van die Apostels Petrus en Paulus en ’n menigte martelare. Hul heilige gebeente is nou aan die reën en hael blootgestel en so aan die verrotting oorgegee. Mag dit so voortduur?

Daarna het hy na die ysterkis gewys, waarin die geld ontvang word, tot drie maal met bulderende stem uitgeroep: “Dra by!” en dan van die preekstoel afgeklim, terwyl hy self ’n geldstuk in die kis gooi.

G’n wonder dat hierdie voorbeeld deur byna al die toehoorders gevolg word nie. Tetzel het dit vir die mense so maklik moontlik gemaak. Berou was eintlik nie nodig nie; as hulle maar net betaal kom alles reg.

Kerkroof en meineed het nege dukate gekos, moord agt dukate, toordery twee dukate. Selfs vir toekomstige sondes, wat iemand van plan was om te doen, kon hy ’n aflaat kry, as hy maar net vooruitbetaal.

’n Offisier van Hertog George van Sakse het eenmaal hiervan op ’n slimme wyse gebruik gemaak. Vir dertig dalers het hy by Tetzel ’n aflaat gekoop vir ’n sonde wat hy nog wou gedoen het. Toe Tetzel ’n paar dae daarna met sy aflaatbriewe deur ’n bos moes gaan, is hy deur die dieselfde offisier oorval, wat sy dolk op die bors van Tetzel druk en uitroep: “Jou geld of jou lewe!”

Tetzel het tevergeefs soos ’n besetene geskreeu en hom met ’n vloek van die kerk gedreig. Hy moes of hy wou of nie, oorgee wat hy by hom gehad het en kry van die offisier nog boonop ’n gedugte pak slae. Buite homself van woede, het Tetzel hierdie offisier by Hertog George aangekla. Die was eers baie kwaad, maar toe die offisier ewe kalm die aflaat voor die dag haal, deur Tetzel self onderteken, kon hy sy lag nie hou nie, met die gevolg dat die offisier sonder straf losgekom het.

So is die aflaathandelaar self gefop en dit het hy ook verdien, want hy het die mense op ’n vreeslike wyse bedrieg. Hy het hulle sonder enige rede omtrent die vergifnis van hul sondes gerusgestel. Hulle het gedink dat hulle nou maar kon lewe soos hulle wou en het gehoop dat hulle tog na die hemel sou gaan omdat hulle vir hul sondes betaal het.

So het die onverskilligheid en die goddeloosheid op skrikwekkende wyse toegeneem. Frederik die Wyse het dit goed besef en daarom het hy die aflaat prediker verbied om sy vorstendom binne te kom.

Tetzel het dus nie in Wittenberg durf kom nie, maar het hom by Juterbock gevestig, ’n plekkie wat nie vêr van die Saksiese grense geleë was nie. Toe die boere en burgers van Wittenberg dit hoor het hulle by die honderde daarheen gegaan om aflate te koop. Dit was so na die sin van Tetzel, maar het glad nie in die smaak van Luther geval nie, want as hy hulle tot berou oor hul sondes en bekering tot God vermaan, dan toon hulle hom die aflaatbriewe en sê vir hom reguit dat dit vir hulle genoeg was en dat hulle nie van plan was om hul sondes na te laat nie. Luther het hom vreeslik

ontstel toe hy sulke goddelose taal hoor en het toe daarteen met groot krag gepreek.

Ontsteld het die inwoners na Tetzel teruggegaan en hom vertel, dat Luther sy aflaatbriewe van nul en gener waarde geag het nie. Die aflaathandelaar het woedend geword. Hy het geraas, geskel en op die preekstoel gevloek, ja hy het, om die mense bang te maak, herhaalde male 'n groot vuur op die mark laat maak. Daarop sou hy alle ketters verbrand, wat dit gewaag het om hulle teen die allerheiligste aflate te verset.

Het Luther hieroor bang geword?

Nee, hy het besef dat hy nie mag terugdeins nie. "As God wil," het hy gesê: "sal ek 'n gat in die trom slaan." Hy het aan geeneen van sy vriende vertel wat hy van plan was om te doen nie, maar hy was vir 'n paar dae baie besig. Hy het op 'n groot stuk papier 'n aantal stellings neergeskrywe, waarin hy sy menings oor die aflaat duidelik uiteengesit het.

Toe hy met sy werk klaar was, het hy met die papier na die kerk van sy woonplek gegaan en dit teen die buitedeur vasgespyker. Almal wat die kerk besoek het kon nie anders as om die groot stuk papier raak te sien nie.

Die volgende dag op 1 November sou 'n menigte vreemdelinge, by geleentheid van die fees van die Allerheilige, na die kerk kom en almal sou nuuskierig vra wat daardie reusagtige stuk papier tog mag beteken.

Luther het in 95 stellings sy besware teen die aflaat uiteengesit en het homself bereid verklaar hul teen enige persoon in die openbaar te verdedig.

Daar was egter op daardie dag niemand wat dit durf waag het om Luther se uitdaging te aanvaar nie. Die stellings is egter druk gelees en bespreek. Mense wat Layn geken het, het hulle gou in Duits vertaal sonder Luther se wete laat druk. Op die manier was die stellings gou in almal se hande en het mense hulle vir mekaar voorgelees. Binne veertien dae is hulle dwarsdeur die hele Duitsland versprei en in vier weke se tyd deur die hele Europa. Dit was asof die engele van God self daarvan die boodskappers gewees het en hulle binne almal se bereik gebring het.

Dit was g'n wonder, dat die meeste mense meer vertroue in die stellings van Luther as in Tetzel se aflate gestel het nie. Wat Luther geleer het, het tot hul hart en gewete gespreek. Elke eerlike mens moes vir Luther gelyk

gee. Dit sal ons dadelik besef al lees ons maar net 'n paar van die stellings, soos die volgende:

**Stelling 32** – Hulle wat dink om deur die aflate seker van hul saligheid te wees, sal saam met hul meesters na die hel gaan.

**Stelling 36** – Elke Christen wat opregte berou oor sy sonde gevoel, ontvang algehele kwytskelding van straf en skuld, sonder dat hy daarvoor aflate nodig het.

**Stelling 62** – Die ware en dierbare skat van die Kerk is die heilige Evangelie van Gods heerlikheid en genade.

Tog wou Tetzel die saak nie gewonne gee nie. Daarvoor het sy handel alte groot skatte opgelewer. Hy besluit dus om liewer self ook stellings uit te gee, wat hy in Januarie 1518 te Frankfort aan die Oder in die openbaar voorgelees het.

Ten spyte van alles wat Luther gesê het, het hy die leer van die aflate gehandhaaf. "Wie sê, dat die siel nie uit die vagevuur vlieg nie, sodra die penning op die bodem van die geldkis klink, verkeer in dwaling," het Tetzel onbeskaamd gesê. Ook het hy in verskeie stellings kragtig vir die gesag van die Pous opgekom. Terselfdertyd het hy 'n brandstapel opgerig, waarop hy Luther se stellings en ander geskrifte laat verbrand het.

"Gee hom maar nog net veertien dae, hoogstens vier weke, tyd," het hy uitgeroep, "en die berugte ketter sal verbrand word!"

Tetzel het hom egter misgis. Want die hemelse Vader het Luther beskerm alleen tot die eer en die verheerliking van Sy Heilige Naam. Sy pen waarmee hy die stellings geskrywe het, het tot by Rome gereik en het die driedubbele kroon van die Pous laat wankel. Dit het die Keurvors van Sakse gedroom en hierdie droom was nou besig om in vervulling te tree, soos ons aanstons sal sien.

(Vervolg.)

---



# PRESIDENT S.J.P. KRUGER

## DEUR DIE GENADE HET PAUL KRUGER GEWEIER OM DIE GODSDIENS VAN SY VADERS EN SY VOLK PRYS TE GEE.

Ook in hierdie opsig was hy vir die ganse Afrikanerdom ’n voorbeeld. Sy Bybel kennis was deeglik, gesond en suiwer, sodat predikante wat voor hom opgetree het, baie deeglik in ag geneem het wat hulle sê. Hulle wis dat daar onder hulle gehoor een was wat intens en noukeurig geluister het. Meer as een moes na die afloop van die erediens by die President aan huis ’n nadere verklaring gee van Skrifuitlegging en uitsprake. Die amp van leraar en dienskneg van die HERE het hy baie hooggeag, maar hy was ook ten volle bewus van die amp van gelowiges. Kragtens hierdie “amp van die gelowige,” het hy verskeie leraars aangespreek, sodat die suiwere verkondiging van die Woord en van die Geloofsleer juis na vore gekom het.

Hierdie eerbied en agting vir die werk van die kerk en sy dienaars kom baie duidelik uit in die woorde van sy reeds genoemde Presidentsrede:

*“Wijzullen u eerbiedigen in uwe heerlike betrekking, in uwen dierbaren arbeid, uw heerlik werk; immers hoe lieflik zijn de voeten dergenen die*

*vrede verkondigen. Wijzullen u eerbiedigen en beschermen, ja zelfs helpen en steunen om de kerk te helpen opbouwen. Maar ook nie verder dan Gods Woord voorschrijft en weet dat, wanneer de aardsche regter zoover gaat dat hij dan besield is met den geest van den Anti-Christ, immers dan treedt hij in het ambt van Christus, die het Hoofd der kerk is."*

Maar hy het ook beklemtoon dat die Staat sy eie terrein van werksaamhede het; albei moet mekaar aanvul. *"Zoolang elkeen in zijn eigen werkkring blijft, zal er eene gezonde samewerking zijn en zal Gods Geest op ons rusten en de Heere zal ons zegenen."*.

Dit is gepas om enkele voorbeelde uit sy lewe te vermeld, as bewys van sy Skrif gedissiplineerde lewensbeskouing.

By die opvoeding van die kinders vermaan hy die onderwysers en die kinders in duidelike taal dat dit Christelik moet wees omdat die toekomstige Kerk en Staat aan 'n nageslag toevertrou sal word.

*"Lieve kinderen staat vast op Gods Woord, waarmee uwe ouders u opgevoed hebben. Laat dat Woord u dierbaar zijn. IK zal met al mijne krachten trachten Kerk en scholen te ondersteunen om in het Christelijk onderwijs u te doen opvoeden. Houdt u vast aan uwe Bybel, taal en Godsdienst."*

Die onderwysers laat hy verstaan dat hulle uit die hand van die ouers gedoopte kinders ontvang het; dat hulle optree in die plek van die ouers en daarom 'n dure roeping het om die kinders deur hulle onderwys en opvoeding in die Christelike Geloof te fundeer:

*"Waakt ervoor dat de Godsdienst niet op den achtergrond komt en alleen wetenschappen geleerd worden. Want wanneer de mensch in zijne natuur en met zijne wetenschappen alleen zou voortgaan, dan begint hij te gelooven wat de duivel gezegd heeft dat de mensch God gelijk zal worden en dan kan van zoo iemand gezegd worden: hoe grooter geest, hoe grooter beest. Laat de Godsdienst dan niet verwaarloosd worden want deze is de grondslag van Kerk en Staat."*

Niks op aarde het die President so lief gehad as die vryheid van sy volk nie. Maar in hierdie verband moet ons ook daarop wys, hoedat hy hierdie vryheid beskou het; geen roekelose of bandelose vryheid nie, maar gebonde en onderworpe aan die Woord van die HERE.

*"Bij Artikel 8 der Grondwet hebben wij in het oog gehad hoe God het volk geleid heeft en Gods Woord als gids om naar te handelen. In Art. 8 staat:*

*Het vrijheid en die behoud van zijn Godsdienstig geloof, van de nakoming zijner verbintenissen; van zijne ondergeschiktheid aan wet, orde en recht en handhaving van dezelve. Let nu op dat Artikel 8 wijst ons na Gods Woord. Is wel een vrijheid, doch ook een beschaafd volk dat geene roekelooze of losbandige vrijheid, maar gegrond op Gods Woord."*

Onomwonde en sonder aarseling het die President in sy lewe getuig en getoon dat die Woord van die HERE sy rigsnoer was. Hierom kon die President by die laaste inswering van sy Presidentsamp met vrymoedigheid sy getuienis aflê:

*"Een ding echter weet ik en mag IK zeggen dat gij uwen God kent en dat gij met uwen Schepper dagelijks te rade gaat en wij als Christenen gaan gedurig met u op dit punt samen om den Heere te vragen om verstand, wijsheid en kracht."*

Dis hierdie onwrikbare vertroue op sy Leidsman wat hom met moed en durf geïnspireer het. In die dae kort voor die Jameson-inval en die Anglo-Boere-oorlog was die toestand in Transvaal baie gespanne. Johannesburg was die stormsentrum en die mees gehate man by die uitlander-bevolking van die stad was Paul Kruger. 'n Besoek daarheen sou vir die President uiters gevaarlik wees. Hy het selfs 'n dreigbrief ontvang, maar hy het dit juis as sy plig geag om hierdie opstandige mense te besoek. Hy is deur verskeie mense versoek om Johannesburg nie te besoek nie, maar die President het hom nie daaraan gesteur nie en tog gegaan. 'n Byeenkoms is op die gronde van die Wanderers gereël waar duisende en duisende toegestroom het om die man te sien wat dit waag om 'n besoek by hulle af te lê.

Baie van die goudmagnate en oproermakers het op die verhoog vanwaar die President sou praat gaan sit. Vanuit die meerderheid van die gehoor was daar geen agting of eerbied vir hom nie, hulle het 'n groot lawaai opgeskop sodat hy nie aan die woord kon kom nie. Dit was 'n geskreeu en 'n gejou wat met uitroepe gepaard gegaan het soos: "Shoot him!" en "Down with Kruger!" Daar was selfs een wat 'n pistool meegebring het om hom te skiet! Toe die President uiteindelik aan die woord kom, het sy voornemende moordenaar heeltemal van sy wapen en sy voorneme vergeet.

Hierdie lawaai en geskreeu het geen vrees by die President ingeboesem nie. Duidelik blyk dit in sy openingswoorde: *"Meneer die Voorsitter, burgers, dames en here, diewe, moordenaars en egbrekers, as julle wil hoor wat ek te sê het, moet julle stilbly!"*

Onwillekeurig dink ’n mens hier aan Johannes die Doper. ’n Eenvoudige man met ’n kleed van kameelhare, ’n leergordel om sy heupe en sy voedsel was sprinkane en wilde heuning. Jerusalem, Judea en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan waar hy besig was om te doop en die Evangelie te verkondig. Hy sien ook baie Fariseërs en Sadduseërs na hom toe kom, die aansienlikes van Jerusalem, maar sonder om te huiwer sê hy: “Addergeslag, wie het julle aangewys om weg te vlug van die toorn wat aan’t kom is?”

So vertoon die figuur van Paul Kruger hom ook hier te midde van die lawaaierige, skreeuende menigte. Daar is ’n oomblik stilte – en dan donder dit oorverdowend: “Diewe, moordenaars en egbrekers!”

’n Godsman is geen lafaard nie, nee, talle voorbeelde uit Kruger se lewe kan vermeld word om dit aan te toon.

’n Strafekspedisie is teen Makapan afgevaardig, waartydens Mapela vir Hermanus Potgieter, broer van Kommandant-Generaal Andries Hendrik Potgieter vermoor het. By die aankoms van die Boerekommando, het Makapan hom met sy volk in ’n ontoeganklike nes van spelonke teruggetrek. Die plek is beleer, maar dit sou ’n langdurige proses word om die vyandige swartes deur honger tot oorgawe te verplig. Vir Paul Kruger met sy rustelose aard sou dit te lank duur. Stil en versigtig gaan hy een nag in die spelonk waar die grootste klomp van die vyand hulle bevind het. Hy het hulle in hul eie taal toegespreek en probeer om hulle te oorreed om oor te gee. Maar waarskynlik het sy stem hom verraai en terwyl hy nog praat word daar skielik geroep: “Dit is ’n wit man!” Die uiteindelike gevolg, die vyand het dieper in die grot gevlug, maar inplaas dat Paul Kruger homself van die toneel verwyder gaan hy saam met hulle al dieper die grot in. Nadat die vyand in ’n geringe mate hul skrik oorkom het, begin hy hulle weer toespreek en aanraai om liewer oor te gee as om van honger en dors om te kom. ’n Klompie van die vyand het sy raad gevolg en saam met hom uitgekom, maar die meeste het geen gehoor gegee nie.

Hierdie daad getuig van ’n onwankelbare vertroue dat sy lot in God se hand is en dat niks hom sal oorkom wat nie oor hom beskik is nie.

In dieselfde oorlog het hy ook onverskrokke en in doodsgevaar sy lewe gewaag, wanneer Kommandant-Generaal Piet Potgieter ’n doodskoot kry en in een van die skanse van die vyand val. Onmiddellik het Kruger soos ’n leeu onder die geweldige vuur van die vyand se gewere die lyk gaan opgetel en die swaargeboude man op sy skouers gesit en hom teen ’n steilte van honderd voet uitgedra, buite die bereik van die vyand.

Hierdie voorval word selfs op een van die panele van die Voortrekker Monument in Pretoria uitgebeeld. Gaan, kyk en glo dat die man wat sy lewe feil gehad het vir 'n gesneuwelde landgenoot om hom van ontering te red, omdat net God oor sy lewe beskik het en niemand anders nie!

Teen hierdie granietblok het Cecil John Rodes gestamp, maar hom onbeweeglik gevind, in die gedenkskrifte van Paul Kruger word die volgende verhaal: *"in den eerstentijd van Kruger's Presidentschap beproefde Rhodes hem tot zijn bondgenoot te maken. Op weg van Beira naar Kaapstad, zocht hy Kruger te Pretoria op en zeide hem: "wij moeten samenwerken. Ik weet dat de Republiek een haven wil hebben; gij moet Delagoabaai hebben." Kruger antwoorde: Hoe kunnen wij daarin opsicht samenwerken: de haven behoort immers aan de Portugezen en dezen zullen haar niet afgeven?" Rhodes: "Wij moeten ze eenvoudig afnemen." Kruger: "Ik mag niet eigendom van anderen nemen. Als de Portugeezen de haven niet verkopen willen, dan zal IK ze ook niet nemen, wanneer gij ze mij levert; want er ligt een vloek op onrechtvaardig verkregen goed."*

Die eenvoudige woorde: "Ek mag nie die eiendom van ander neem nie, want daar lê 'n vloek op alle goed wat onregverdiglik verkry is!" Dit is Skrif-taal, gebiedsuitbreiding op 'n onregverdige, laaghartige en lafhartige manier het nooit vir een enkele oomblik in die siel van so 'n man opgekom nie. Hy het hom nooit met bedrog in Staatsake opgehou nie.

Sou iemand hom hiervan beskuldig, het hy woedend geword, dit het gebeur by 'n ontmoeting waar Sir Bartle Fere by Hennopsrivier op 12 April 1879, twee jaar na die anneksasie van Transvaal deur Shepstone, met die voormanne van die Boere 'n ontmoeting gehad het. Dit was juis in die tyd toe Paul Kruger onvermoeid werksaam was om daardie onregverdige daad van anneksasie ongedaan te maak. Hierdie konferensie was een van die pogings, Sir Bartle Frere het dadelik die bewering geopper dat die aanwesige Boere nie die hele volk verteenwoordig nie, maar net 'n klompie wat onder die bedreigings van Kruger saamgekom het. Hy het eintlik laat blyk dat dit die rede is waarom Kruger saamgekom het en dat hulle met 'n bedrogspel besig was. Paul Kruger was baie verontwaardig oor hierdie aantyging en het in sy antwoord daarop gewys dat hy liewer verkies om te sterf as om die leuen te verkondig!"

Die dubbelsinnige optrede van Sir Bartle Frere by verskillende geleenthede het Paul Kruger so teen die bors gestuit dat, toe hy en Joubert by 'n sekere geleentheid in Kaapstad was en hulle 'n uitnodiging ontvang om Sir Bartle Frere te ontmoet, het Paul Kruger geweier en sy antwoord

skerp geformuleer: "Ek sal gaan as jy my kan sê watter Sir Bartle Frere dit is wat ons wil sien, want ek ken vier! Die eerste een het by ons gekom op Kleinfontein en verklaar dat hy nie met die swaard gekom het nie, maar in vrede. En tog lees ek later in 'n geskrif dat 'n Sir Bartle Frere – dis die tweede een – op dieselfde dag aan die Engelse regering skryf: "Het ek genoeg soldate en kanonne, dan sou ek die oproermakers uitmekaargejaag het!" Die derde een het in antwoord op ons memorie om die anneksasie ongedaan gemaak te kry, gesê dat hy op Kleinfontein die erns van die 4000 vernaamste burgers van die land wat daar teenwoordig was aan die Britse regering sal oordra, terwyl ek later in 'n geskrif gesien het dat op dieselfde datum 'n ander Sir Bartle Frere aan sy regering geskryf het dat hy net 'n klompie oproermakers ontmoet het. Watter een van die vier is dit nou?"

(Vervolg.)

---

## Vermanende brief van Adrianus Haemstedius aan die owerheid van Antwerpen, in die jaar 1559 N.C.

---

### Die ware Godsdiens was verban en die tempel eensaam en verlate!

Die Bybel ontbreek en die Kerk van Christus verval, die uiteindelike gevolg is dat vele dwaalleringe en sektes te voorskyn kom, juis omdat die opsieners blind is, volgens Jes. 56 vers 10:

**"Hulle wagte is almal blind, hulle merk niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie; wat dromerig lê, lief is om te sluimer."**

Dit is wanneer die sogenaamde bedienaars met los kalk pleister en die gemeente in die gehoor streel, hulle soek die guns van die mens, soos die getuienis, in Jes. 30 vers 10 en 11, ons ook te kenne gee:

**"Profeteer vir ons nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry; wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn!"**

Hierdie onverskillig- en onverantwoordelikheid jeens die Woord van die HERE, is die uiteindelike oorsaak dat die regverdige vervolg en verdruk word. As gevolg van hierdie valse leraars is dit 'n wederstrewige geslag wat die Lig haat, omdat hulle in duisternis verkeer. Daarom waarsku die Here Jesus, in Joh. 15 vers 21, elkeen wat aan Hom toevertrou is en Hy sê:

**"Maar al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van my Naam, omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie."**

En voeg Hy ook hieraan toe die woorde, in Joh. 16 vers 2 en 3:

**"Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie."**

Hy waarsku Sy bruid en Hy sê: "As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg! Reeds vanaf Sy geboorte en Sy menswording te Betlehem tot aan die kruis op Golgotha was Hy blootgestel aan vervolging! As Borg en

Middelaar het Hy dit alles terwille van die uitverkore geslag verduur, ons hoor selfs hoedat Hy, in Luk. 23 vers 34, tot Sy Vader bid en sê:

**"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."**

In onkunde en in die verhardheid van hul hart volhard die gevalle wêreld en hierdie vervolgers van die Here Jesus Christus, hulle kruisig en maak Hom opnuut tot skande, want, sê die Apostel, in 1 Kor. 2 vers 8:

(Die Weg, die Waarheid en die Lewe) **"wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie—want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie"**

So was dit van die begin van die wêreld af en so sal dit voortduur tot aan die voleinding van die tyd! Die blinde, dwase en ongelowige wêreld sal die wedergebore geslag vervolg, elkeen wat vanuit die duisternis oorgebring is in die Koninkryk van die Seun van Sy liefde. Jesus Christus is tot 'n Lig vir elke uitverkorene, 'n geslag wat ook saam met die Psalmdigter getuig en sê: "In U lig sien ons die lig!" Elke verloregaande siel verdra nie die lig nie, want die lig is vir hulle ook soos vir die vlermuise en die naguile, dit bring hulle in beroering! Die Here Jesus bevestig dit ook, in Joh. 3 vers 19:

**"En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos."**

As Verlosser en Saligmaker het die Here Jesus in hierdie gevalle wêreld gekom, Hy het gekom om as 'n Lig in hierdie duisternis te skyn en so sal elke wedergeborene ook as 'n lig in hierdie wêreld wees. Alleen deur die Krag van die Woord en Gees sal hulle die sonde en die leuen bestraf. Maar omdat die Lig geen gemeenskap met die duisternis het nie, sal hierdie wedergebore geslag ook gehaat en vervolg word omdat hulle juis van die Lig getuig. Soos 'n Miga wat terwille van die Waarheid te lyf gegaan en in die gevangenis gewerp is, so verkondig hulle ook onverskrokke die Waarheid van die Woord en die suiwere Leer van die Evangelie, soos die woorde, in 1 Kon. 22 vers 24 en 27, dit ook bevestig:

**"Daarop kom Sedekía, die seun van Kenaäna, nader en hy slaan Miga op die kakebeen en sê: Hoe dan het die Gees van die HERE van my af weggegaan om met jou te spreek?"**

**"So spreek die koning: Sit hierdie man in die gevangenis en spysig hom met brood van verdrukking en water van verdrukking totdat ek behoue tuiskom."**

Die verloregaande wêreld het geen behae in die Woord van die HERE nie, ons hoor reeds, in Jer. 36 vers 23, hoedat die koning die boekrol van Jeremia vernietig:

**"En elke keer het hy, as Jehúdi drie of vier kolomme gelees het, dit met die mes van 'n skrywer stukkend gesny en in die vuur gegooi wat op die vuurpan was, totdat die hele rol in die vuur op die vuurpan verteer was."**

Dit is ook waarom Daniël in 'n leeukuil gewerp is en die profeet Amos deur die priester Amásia van Bet-el as 'n oproermaker voor koning Jerobeam beskuldig en Amos daarna verbied is om in sy koninkryk te preek, ons hoor, in Amos 7 vers 12 en 13, hoedat Amásia tot Amos roep en sê:.

**"vlug na die land Juda en eet daar brood en profeteer daar! Maar in Bet-el mag jy verder nie meer profeteer nie, want dit is 'n koninklike heiligdom en 'n tempel van die ryk."**

En in vers 14 en 15, antwoord Amos vir Amasia, die priester van Bet-el en hy sê:

**"Ek was geen profeet en ook geen profete-seun nie; maar ek was 'n veewagter en kweker van wildevyebome. Maar die HERE het my agter die kleinvee weggeneem, en die HERE het aan my gesê: Gaan heen, profeteer teen my volk Israel."**

(Vervolg.)

---

# KALENDER.

**Geskiedenis:**

- **Mei 325** – Die Konsilie van Nicea. Die Geloofsbelydenis van Nicea word opgestel, tot bevestiging van die Drie-Eenheid en die Godheid van die Here Jesus Christus. Dit word deur al die aanwesiges aanvaar en onderteken.

*"Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge; en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, Lig uit Lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het. Hy het ter wille van ons, mense, en ons Saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword: Hy het mens geword; onder Pontius Pilatus is Hy vir ons gekruisig; Hy het gely en is begrawe. Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar. Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel. Aan Sy koningskap sal daar geen einde wees nie. Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek. Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk. Ons bely een doop tot vergifnis van sondes. Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling. Amen."*

- **2 Mei 1957** – 'Die Stem van Suid-Afrika', word amptelik as Volkslied aanvaar. Dit is geskryf deur C.J. Langenhoven, getoonset deur M.L. de Villiers.

*"As 'n nasie 'n eie Vlag het en die volk sien met sy oog die vlag bo sy land wapper, dan spreek sy hart van die noodsaaklikheid van Vaderlandsliefde, maar wanneer ek geen lied het nie, geen Volkslied nie, dan gee my hart geen antwoord daarop nie."* – Dr DF Malan

## Die stem van Suid-Afrika

C. J. Langenhoven. M. L. De Villiers.

Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee,
Deur ons ver verlate vlaktes met die kreun van ossewa
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika.
Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra :
Ons sal lewe, ons sal sterve, ons vir jou, Suid-Afrika.

In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
In ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf
Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.
Vaderland ! ons sal die adel van jou naam met ere dra :
Waar en trou as Afrikaners kinders van Suid-Afrika.

In die songloed van ons somer, in ons winternag se kou,
In die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou,
By die klink van huw'liksklokkies, by die kluitklap op die kis
Streel jou stem ons nooit verniet nie, weet jy waar jou kinders is.
Op jou roep seg ons nooit nee nie, seg ons altyd, altyd ja :
Om te lewe, om te sterve ja, ons kom, Suid-Afrika.

Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou :
Skenk ook ons die krag, o Here ! om te handhaaf en te hou
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly :
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer :
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.

---


- **4 Mei 1860** – Die Oranje-Vrystaat teken die Vredesverdrag met Mosjesj, koning van die Basotho's, by Wittenberg naby Winburg.

- **6 Mei 1739** – Ds. Bernardus Smytegelt sterf, 'n geroepene en 'n instrument in die hand van ons Hemelse Vader, voortgelei deur die kragtige werking van die Heilige Gees sodat die ellendige mens ten gronde gerig word en die aller-noodsaaklikheid van 'n Borg, 'n Middelaar en 'n Verlosser en Saligmaker bevestig word! Die Krag

van die Woord en Gees was die Bron waaruit hy sy Geloof geput het, sodat sy Preekbundels vir sommige van die Voortrekkers wat deur die Genade die liberalisme van die kerk in die Kaap verwerp het en selfs ook vir ons as blindgeborenes wie se oë deur die Krag van die Woord en Gees geopen is, tot vandag toe 'n bevestiging van die Waarheid is, sodat geen mens in homself kan roem nie, soos die Woord ons ook, in Rom. 11 vers 36, te kenne gee:

**"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.<br>Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."**

- **6 Mei 1831** – Geboortedag van Gesina Susanna Frederika Wilhelmina du Plessis, (Tant Gesina), die vrou van Pres. Paul Kruger.









- **7 Mei 1597** – Cornelis de Houtman word die eerste Nederlander om verby die latere Kaap de Goede Hoop te vaar.

- **7 Mei 1662** – Jan van Riebeeck en sy gesin vertrek uit die Kaap terug na Batavia, nadat hy 10 jaar lank aan die Kaap as instrument in die hand van ons Hemelse Vader gebruik is.

- **8 Mei 1925** – Is Afrikaans amptelik as Taal in Suid-Afrika aanvaar. In November 1874 het Arnoldus Pannevis en C.P. Hoogenhout gepoog om die Bybel in Afrikaans oor te sit. In Augustus 1875, onder leiding van ds. S.J. du Toit, stig hulle: "Die Genootskap van Regte Afrikaners", (GRA). In 1878 gee die Genootskap aan ds. S.J. du Toit opdrag om met die oorsetting van die Bybel in Afrikaans voort te gaan, maar hy is skielik in 1911 oorlede. In 1925 word Afrikaans as amptelike Taal erken. J.D. du Toit (Totius), prof. E.E. van Rooyen, prof. J.D. Kestell, dr. H.C.M. Fourie en prof. B.B. Keet sit die Bybel in Afrikaans oor en in 1933 ontvang die volk vir die eerste keer die Bybels in Afrikaans.

- **9 Mei 1883** – Stephanus Johannes Paulus Kruger word as President van die ZAR beëdig. Vorige Presidente van die ZAR –



1) 1857 – M.W. Pretorius.
2) April-November 1860 – J.H. Grobbelaar (waarnemend).
3) November 1860-April 1862 – S.A. Schoeman (waarnemend).
4) April 1862-Mei 1864 – W.C. Janse van Rensburg (waarnemend).
5) 1864-1871 – M.W. Pretorius.
6) 1871- 1872 – D.J. Erasmus (waarnemend).
7) 1872- 1877 – T.F. Burgers.
8) 1883- 1902 – S.J.P. Kruger.

- **16 Mei 1488** – Bartolomeus Dias vaar om die mees Suidelike punt van Afrika.

- **17 Mei 1901** – Die geboortedag van Elizabeth (Betsie) Schoombee in Middelburg, die vrou van Dr. H.F. Verwoerd.



- **22 Mei 1874** – Die geboortedag van Dr. Daniël Francois Malan te Riebeeck-Wes.



- **27 Mei 1564** – Sterfte dag van Calvyn.



In April versoek die bedlêende Johannes Calvyn die Stadsraad van Genève om vir laas by hom te vergader omdat hy 'n afskeidswoord aan hulle wil rig. Vyf-en-twintig manne besoek Calvyn in sy kamer en skaar hulle om die siekbed van die Hervormer. Hy het byna aan die einde van sy aardse loopbaan gekom. In 'n sittende posisie ontvang hy sy besoekers, terwyl sy gelaat bleek en sy helder oë wasig is. Sy linkerhand rus op die Ewige en onfeilbare Woord van die HERE, terwyl hy liefderyk sy regterhand in vermaning ophef. En nou spreek hierdie dienskneg van die HERE tot sy toehoorders en hy deel hulle mee, dit wat hom op die hart lê. Een van die eerwaardige raadslede kniel by sy voete, 'n grysaard blik met betraande oë na Bo. Die raadslid Bernard vou sy hande eerbiedig terwyl hy luister en 'n ander vriend lê sy hand op die arm van die sieke, terwyl die ander weemoedig om hulle skaar. Calvyn betuig sy innige dank vir al die goedheid wat aan hom bewys is. Openlik bely hy sy gebreke en vra nederig om vergifnis vir al sy tekortkominge. Hy spreek van die werk wat die HERE aan hom toevertrou het, van sy geringe diens, van die onveranderlike trou en wonderlike leiding wat die HERE aan hom bewys het en al die weldade

wat die Almagtige so ruimskoots aan hom verleen het. Hy vermaan sy besoekers om die HERE en Sy Woord voor oë te hou, Hy is die enigste Regeerder van alle koninkryke! Sy vereerders sal uiteindelik beloon word, maar hierteenoor sal Sy veragters seker en gewis gestraf word, daarom vra die Kerk van Christus en die Staat vra die steun van u as raadslede tot die uitbreiding van Sy Koninkryk. Alle onenigheid, verborge vyandskap en bittere haat moet vêr van elkeen wees; elkeen moet sy eie plig nakom en nie afwyk van wat reg en billik is nie. Daarna het Calvyn gebid en gevra dat God hulle sal lei, bestuur en Sy gawes sal skenk tot die heil en seën van die volk.


Daarna het Calvyn die hand tot elkeen van hulle uitgereik, terwyl die agbare manne hom in droefheid verlaat het. En wanneer ’n bewoë Bernard hom vir laas groet antwoord Calvyn hom en hy sê: “Tot weersiens, by die Heiland!”

‘n Maand later het Calvyn gesterf.

- **27 Mei 1874** – Vertrek Gert Alberts met 13 gesinne uit Pretoria, vanweë die liberale houding van Pre. T.F. Burgers, omdat hy Godsdiensonderrig uit die skole verwyder het. Dit was die begin van die Dorslandtrek.



Trekleier Gert Alberts




- **29 Mei 1619** – Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) kom tot 'n einde.



Die Sinode is veral belê na aanleiding van beroeringe oor die dwaalleer van die Remonstrante met betrekking tot die uitverkiesingsleer. Die bekende Vyf Dordtse Leerreëls is opgestel waarin die Remonstrante se dwaling verwerp en die Skriftuurlike standpunt oor die uitverkiesing uiteengesit word. Tydens die Sinode het die teenswoordige Kerkorde ook sy vorm verkry vir die gesonde Gereformeerde Kerkregering. Een van die belangrikste besluite wat ons Hemelse Vader op die Sinode se hart gelê het, was die oorsit van die Bybel in Nederlands, vanuit die Grondteks – die Statenbijbel het 19 jaar later verskyn. Vyftien jaar na die Bybel verskyn het, kom Jan van Riebeeck met die Statenbijbel na Suid-Afrika.

- **29 Mei 1911** – Ds. S.J. du Toit in die Paarl oorlede.

- **29 Mei 1933** – Eerste besending van 10,000 eksemplare van die Bybel in Afrikaans kom op die *Carnarvon Castle* vanuit London in Suid-Afrika aan.



DIE BYBEL

DIT IS

DIE GANSE HEILIGE SKRIF
WAT AL DIE KANONIEKE BOEKE

VAN DIE

OU EN NUWE TESTAMENT

BEVAT

OORGESIT UIT DIE OORSPRONKLIKE TALE

EN

UITGEGEE IN OPDRAG VAN DIE GESAMENTLIKE
KOMMISSIE VERTEENWOORDIGENDE DIE DRIE
HOLLANDSE KERKE IN SUID-AFRIKA

GEDRUK VIR DIE
BRITSE EN BUITELANDSE BYBELGENOOTSKAP
GROENTEMARKPLEIN, KAAPSTAD
1933

- **30 Mei 1900** – Paul Kruger verlaat Pretoria as banneling. Dit was ‘n selfgekose vertrek in oorleg met en byna in opdrag van die Boereregering van die ZAR, asook na die samesprekinge met die Vrystaatse regering. President Kruger moes eenvoudig nie in die hande van die oprukkende Britse mag beland nie, omdat dit ‘n te groot terugslag op die volk sou hê. Hulle wou ook hê dat Pres. Kruger by die buiteland gaan hulp soek: geld, goedere en steun vir die Boeresaak, hy moes ook mediese hulp kry vir sy oë, wat hy alleen in Nederland kon ontvang.

- **31 Mei 1902** – Om 23:05 verloor die boere hul onafhanklikheid met die teken van die Vrede van Vereniging.

- **31 Mei 1910** – Die Uniewording van Suid-Afrika.


- **31 Mei 1928** – Die Unievlag vir die eerste keer gehys.



- **31 Mei 1961** – Suid-Afrika word ‘n Republiek



# Blokkiesraaisel 5.




Vul al die antwoorde in. As jy die blokraaisel voltooi het, skommel die letters in die gekleurde blokkies, en kyk watter woord kry jy.

## Vraelys:

**Dwars:**

1. Hulle het Josef se rok in die bloed van 'n ... gesteek.
5. Watter een van Josef se broers het die plan gegee om hom eerder te verkoop?
7. Waarheen was die karavaan oppad wat Josef gekoop het?
8. Hoe oud was Josef toe hy verkoop is?
10. Wie se droom het Josef verklaar, wat uit die gevangenis vrygelaat is?

**Af:**

2. Wat het Josef se broers opgepas?
3. Wie van Josef se broers het gekeer dat hulle hom doodmaak en wou hom later gaan vrylaat?
4. Wie was die koning van Egipte?
6. Josef se eerste droom: 'Kyk ons was besig om ... te bind.'
9. Na hoeveel jaar het die skinker eers weer aan Josef gedink?

# Bybel Geskiedenis

## Lees Gen. 37 - 41 en beantwoord die vrae.

Vrae:

Josef word verkoop:

1. Wat het Jakob vir Josef laat maak?
2. Watter twee drome het Josef aangaande hom en sy gesin gehad?
3. Waarin het sy broers hom eers gegooi?
4. Aan wie het hulle hom verkoop?
5. Wat het Jakob gedink het met Josef gebeur?
6. Wat het Jakob gesê nadat al sy seuns en dogters hom probeer troos het?

Josef in die gevangenis:

1. Hoe was die owerste van die gevangenis se gesindheid teenoor Josef?
2. Waarom het hy so teenoor Josef opgetree?
3. Watter twee hofdienaars van Farao moes Josef in die gevangenis bedien?
4. Wat het Josef geantwoord nadat hulle gesê het dat daar niemand is om hulle drome uit te lê nie?
5. Wat het die bakker gedroom?
6. Wat het die skinker gedroom?
7. Watter guns het Josef aan die skinker gevra?

Farao se drome:

1. Wat het die skinker weer aan Josef herinner?
2. Watter twee drome het Farao gehad?
3. Wat het hulle met Josef gedoen voordat hy voor Farao kon verskyn?
4. Wat het Josef geantwoord toe Farao sê dat hy hoor Josef drome kan uitlê?
5. Wat het die drome van Farao beteken?
6. Watter plan het Josef gehad vir die vet jare en maer jare wat sal volg?
7. Wat het Farao aan Josef gegee as teken van sy nuwe aanstelling?
8. Hoe oud was Josef toe hy Farao se drome verklaar het?
9. Wat was die name van Josef se twee seuns wat voor die hongersnood gebore is?

# GEMEENTE NUUS.

## Verjaarsdae:

- 12 Mei – El-Bet Earle.
- 15 Mei – Lorraine van der Grijp.
- 29 Mei – Carel van der Grijp.
- 29 Mei – H.J. Young.
- 30 Mei – Mollie Young.

**Olifantshoek.**

Francois en Liza Momberg – ons bid die Seën van die HERE toe met die geboorte van julle nuweling.

**Tzaneen.**

Willie en Angelique van der Grijp – ons bid die Seën van die HERE toe met die geboorte van julle nuweling.